

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

Drakenstein Municipality, by virtue of the powers vested in it by section 156(2) of the Constitution of the Republic of South Africa as amended, read with section 13 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) as amended, has made the by-law set out in the schedule below:

SCHEDULE**BY-LAW NO. 5/2007: CAMPING AREAS****Purpose of by-law**

- To promote the achievement of a safe and sought after tourism environment for the benefit of visitors and residents within the area of jurisdiction of the municipality.
- To provide for procedures, methods and practices to regulate the use and management of camping areas.

Definitions

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine; the singular includes the plural and vice versa; the Afrikaans text shall prevail in the event of an inconsistency between the different texts; and, unless the context otherwise indicates:—

“animal” means any mammal, reptile, amphibian or fish;

“camp” or “camping” means to occupy land by picnicking thereon or by standing thereon with a caravan or vehicle or erecting thereon a tent or temporary structure and using such caravan, vehicle, tent or temporary structure for the purpose of habitation and/or sleeping or as a shelter or protection against the weather;

“camper” means the person who camps and, in relation to a camping area, to whom a camping permit is issued;

“camping area” means land vesting in and set aside by the municipality as a public picnic, camping or caravan park site or a similar facility approved by the municipality on private land;

“camping permit” means a document printed and issued by the municipality for the purposes contemplated by this by-law or the municipality’s official receipt issued against payment of the prescribed camping charges in respect of the occupation of a camping area;

“camping site” means any part of a camping area, demarcated or assigned for the purpose of camping thereon;

“caravan” means a motor vehicle or trailer permanently equipped to provide living and sleeping accommodation for persons;

“caravan park” means any land used or intended to be used for the accommodation of caravans and mobile homes;

“caretaker” means the official appointed by the municipality or an owner to ensure that the provisions of this by-law is complied with and includes any employee of the municipality or owner, acting in the capacity as caretaker or acting in terms of a direction by or authority of the caretaker;

“municipality” means the Municipality of Drakenstein established in terms of section 12 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), Provincial Notice 488 dated 22 September 2000, and includes any political structure, political office-bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office-bearer, councillor, agent or employee;

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

Drakenstein Munisipaliteit het uit hoofde van die gesag aan hom verleen deur artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, soos gewysig, saamgelees met artikel 13 van die Munisipale Stelsels Wet, 2000 (Wet 32 van 2000) soos gewysig, die volgende verordening aanvaar, soos aangedui in die onderstaande skedule:

SKEDULE**VERORDENING NR. 5/2007: KAMPEERGEBIEDE****Doel van verordening**

- Om die verwesenliking van ’n veilige en gesonde toerisme-omgewing vir besoekers en inwoners binne die regsgebied van die munisipaliteit te bevorder.
- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die gebruik en bestuur van kampeergebiede te reguleer.

Woordomskrywing

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in; sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd; geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van ’n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste; en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:—

“dier” enige soogdier, reptiel, amfibie of vis;

“eienaar” die persoon aan wie die munisipaliteit skriftelike toestemming verleen het om kampering toe te laat op private grond;

“kampeer” of “om te kampeer” om grond te okkupeer deur piekniek daarop te hou, of deur ’n woonwa of voertuig daarop te laat staan, of ’n tent of tydelike struktuur daarop op te rig en sodanige woonwa, voertuig of tent vir woon- en/of slaapdoeleindes te gebruik;

“kampeerder” die persoon wat kampeer en, met betrekking tot ’n kampeergebied, die persoon aan wie ’n kampeerpermit uitgereik is;

“kampeergebied” enige grond onder berusting van en afgesonder deur die munisipaliteit as ’n openbare piekniek-, kampeer- of woonwaparkterrein of ’n dergelike fasiliteit deur die munisipaliteit goedgekeur op private grond;

“kampeerpermit” ’n dokument gedruk en uitgereik deur die munisipaliteit vir die doel soos by hierdie verordening beoog, of die munisipaliteit se amptelike kwitansie uitgereik teen betaling van die voorgeskrewe kampeergeld, ten opsigte van die okkupering van ’n kampeergebied;

“kampeerperseel” enige gedeelte van ’n kampeergebied wat afgemerk of aangewys is vir die doel om daarop te kampeer;

“munisipaliteit” die munisipaliteit van Drakenstein gestig ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), Provinsiale Kennisgewing 488 van 22 September 2000, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleeder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleeder, raadslid, agent of werknemer;

“oorlas” enige handeling, versuim of toestand wat aanstootlik of nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is, of wat weselik inbreuk maak op die gewone gemak, gerief, vrede of rus van persone in ’n kampeergebied of wat die veiligheid van sodanige persone nadelig raak;

“opsigter” die beampte wat deur die munisipaliteit of ’n eienaar aangestel is om toe te sien dat die bepalinge van hierdie verordening

“nuisance” means any act, omission or condition which is offensive or injurious or dangerous to health, or which materially interferes with the ordinary comfort, convenience, peace or quiet of persons in a camping area or adversely affects the safety of such persons;

“owner” means the person to whom the municipality has granted written permission to permit camping on private land;

“prescribed charges” means the charges prescribed by the municipality for entrance to and use of a camping area and the amenities connected therewith;

“vehicle” means a device designed or adapted mainly to travel on wheels or crawler tracks and also includes a trailer, and

“waters” include rivers, streams, dams, reservoirs and furrows together with the banks thereof and any part of such waters.

Camping in land vested in or under control of the municipality

2. No person shall camp on any land vesting in and/or under the control of the municipality except on a camping site within the boundaries of a camping area, and then only subject to the provisions of this by-law.
3. No person shall camp on any land within a camping area without being in possession of a valid camping permit.
4. Any person making use of a camping area or any amenity therein for whatever purpose shall do so at his own risk and the municipality shall, in the absence of proof of negligence on its part or any of its employees, not accept responsibility for the death of such person or injury, damage or loss suffered by such a person in the process.
5. No camping permit shall be issued unless the prospective camper—
 - (1) duly completes the camping register and by means of his or her signature therein signifies as to the correctness of the information supplied, to submission by him or her and his or her camping party to the provisions of this by-law and all rules laid down in terms thereof as also to the reasonable instructions of the caretaker;
 - (2) has paid the prescribed charges in respect of the full period during which the camping site will be occupied.
6. (1) A camping permit shall be valid only for the period stated therein and must be kept and produced upon request by the superintendent. The caretaker may renew such permit or refuse the renewal thereof.
 - (2) No person shall without the written consent of the municipality camp in a camping area whether continuous or otherwise for a period exceeding three months in any period of twelve months. The municipality may refuse such an application or grant it subject to such conditions and for such period as it may deem fit but not for any period in excess of a further three consecutive months.
 - (3) If permission is granted in terms of subsections (1) and (2) a new camping permit shall be issued on payment of the normal prescribed charges in respect of the full period of further occupation.
7. The occupier of a camping site must be the person whose name appears on the camping permit and he may not sublet, cede, dispose of, or in any way alienate his rights thereunder.
8. (1) Reservation of camping sites shall only be considered upon receipt of a written application.
 - (2) An amount equal to the full charges in respect of a site for the full period for which reservations is desired, shall be payable before such reservation is confirmed.

nagekom word en sluit in enige werknemer van die munisipaliteit of eienaar wat in die hoedanigheid as opsigter waarnaem of wat ingevolge 'n opdrag of magtiging van die opsigter namens die opsigter optree;

“voertuig” ’n toestel ontwerp of aangepas om hoofsaaklik op wiele of rusperbande te loop en omvat dit ook ’n sleepwa;

“voorgeskrewe gelde” die gelde wat deur die munisipaliteit voorgeskryf word vir toegang tot en gebruik van ’n kampeergebied en die fasiliteite wat daarmee gepaard gaan;

“waters” riviere, strome, damme, reservoirs en vore, insluitend die oewers daarvan en enige gedeelte van sodanige waters;

“woonwa” ’n motorvoertuig of sleepwa wat permanent toegerus is vir gebruik deur persone vir woon- en slaapdoeleindes; en

“woonwapark” enige grond wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die akkommodasie van woonwaens en mobiele wonings.

Kampering op grond onder berusting of beheer van die munisipaliteit

2. Niemand mag op enige grond onder berusting en/of beheer van die munisipaliteit kampeer nie, behalwe op ’n kampeerperseel binne die grense van ’n kampeergebied, en dan alleenlik onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening.
3. Niemand mag op enige grond binne ’n kampeergebied kampeer as so ’n persoon nie in besit van ’n geldige kampeerpermit is nie.
4. Iedereen wat van ’n kampeergebied of enige fasiliteit daarin gebruik maak vir welke doeleindes ook al, doen dit op eie risiko en by ontstentenis van bewys van nalatigheid aan die kant van die munisipaliteit of enige van sy werknemers, aanvaar die munisipaliteit geen aanspreeklikheid vir sodanige persoon se dood of besering of skade of verlies wat so ’n persoon in die proses opdoen of ly nie.
5. ’n Kampeerpermit word nie uitgereik nie alvorens die voornemende kampeerder—
 - (1) die kampeerregister behoorlik ingevul het en deur sy handtekening daarin aan te bring, bevestig het dat die inligting wat verstrekkend is, korrek is, dat hy onderneem om hom en sy kampeergeselskap te onderwerp aan die bepalings van hierdie verordening en alle reëls daarkragtens voorgeskryf asook aan die redelike opdragte van die opsigter;
 - (2) die voorgeskrewe gelde vir die volle tydperk waarvoor die kampeerperseel geokkupeer gaan word, betaal het.
6. (1) ’n Kampeerpermit is net geldig vir die tydperk daarop aangedui en moet gehou en op aanvraag aan die opsigter getoon word. Die opsigter kan sodanige permit hernieu of die hernuwing daarvan weier.
 - (2) Niemand mag sonder die munisipaliteit se skriftelike toestemming vir ’n tydperk langer as drie maande, hetsy ononderbroke of andersins, in enige tydperk van twaalf maande in ’n kampeergebied kampeer nie. Die munisipaliteit kan so ’n aansoek weier of dit toestaan onderworpe aan die voorwaardes en vir die tydperk wat die munisipaliteit toepaslik ag, maar wat nie langer as ’n verdere drie agtereenvolgende maande is nie.
 - (3) Indien toestemming ingevolge subartikels (1) en (2) verleen word, word ’n nuwe kampeerpermit uitgereik teen betaling van die gewone voorgeskrewe gelde vir die volle tydperk van verdere okkupasie.
7. Die okkupeerder van ’n kampeerperseel moet die persoon wees wie se naam op die kampeerpermit verskyn, en hy mag nie sy regte daarkragtens onderverhuur, sedeer, afstaan of op enige wyse vervreem nie.
8. (1) Die bespreking van kampeerpersele word alleenlik oorweeg by ontvangs van ’n skriftelike aansoek.
 - (2) ’n Bedrag gelykstaande aan die volle bedrag ten opsigte van ’n perseel vir die hele tydperk waarvoor bespreking verlang word, is betaalbaar voordat sodanige bespreking bekragtig word.

- (3) If written notice of cancellation of a reservation is received by the municipality at least twenty-one days prior to the commencement of the reserved period, half the amount of the charge already paid by the holder of the camping permit, shall be refunded to him. Only under exceptional circumstances will the municipality consider making a greater refund.
9. (1) Notwithstanding any contract between the municipality and any person, the caretaker may direct any camper and/or member of his or her camping party to leave the camping area if the caretaker has reasonable grounds to believe that such person has committed an offence whether in terms of this by-law or the provision of any other Act or if in the opinion of the caretaker he has conducted himself in such a manner that his or her presence in the camping area is undesirable or if he fails to comply with the reasonable requests or instructions of the caretaker.
- (2) In the circumstances set out in subsection (1) the campers' camping permit shall be withdrawn and no money shall be refunded in respect of any unexpired period already paid for.
10. When a camper's camping permit expires on account of efflux of time or withdrawal, such a camper shall—
- (1) voluntarily and without delay vacate his or her camping site and leave it in a clean and tidy condition. He shall be responsible for the disposing of all rubbish and the filling of all holes and furrows made by him or her in the ground and should he fail to do so to the satisfaction of the caretaker, the municipality may do so at his expense; and
- (2) remove from such camping site and the camping area all property belonging to him or her and members of his or her camping party. Any such property remaining in the camping area after the departure of the camper may be removed and kept in custody by the caretaker at the cost and risk of the camper and shall become the municipality's property if not claimed and removed by the owner within one month of such removal.
11. (1) Only one caravan with not more than two side tents forming part thereof, is permitted per camping site on those camping sites set aside within a camping area for the accommodation of caravans and mobile homes only.
- (2) Only three tents per camping site shall be permitted on those camping sites set aside within a camping area for the accommodation of tents only.
12. No camper shall make his or her camp or picnic on a camping site other than that assigned to him or her by the caretaker or refuse to obey the reasonable instructions of such officer or to comply with the caretaker's demands as to the manner of making such camp. The caretaker shall have absolute discretion in this regard as also with regard to the acceptability and sufficiency, or not, of any dwelling/sleeping accommodation, fencing, shelters, temporary structures, erections and the number and type of vehicle/s to be permitted on camping site.
13. Any camper may be instructed by the caretaker at any time to move his or her camp to another camping site if the caretaker considers such moving to be desirable in the public interest or for the sake of the safety of person and/or property or for purposes of executing urgent municipal works.
14. No camper shall—
- (1) use any camping site for any purpose other than a camping holiday and he shall in particular not carry on any trade or business thereon;
- (2) on any camping site create a nuisance or permit the creation of a nuisance by any member of his or her camping party or any of his or her guests;
- (3) fail to maintain his camping site in a clean and sanitary
- (3) Indien skriftelike kennis van kansellering van 'n bespreking minstens een-en-twintig dae voor die aanvang van die tydperk van bespreking deur die munisipaliteit ontvang word, word die helfte van die bedrag wat reeds deur die houër van die kampeerpermit betaal is, aan hom terugbetaal. Alleenlik in buitengewone omstandighede oorweeg die munisipaliteit 'n groter terugbetaling.
9. (1) Nieteenstaande enige kontrak tussen die munisipaliteit en enige persoon, kan die opsigter enige kampeerder en/of lid van sy kampeergeselskap gelas om die kampeergebied te verlaat as die opsigter op redelike gronde glo dat sodanige persoon 'n misdryf gepleeg het, hetsy ingevolge hierdie verordening of enige ander wetsbepaling, of indien hy hom volgens die opsigter se mening op so 'n wyse gedra het dat sy teenwoordigheid in die kampeergebied onwenslik is, of indien hy versuim om die opsigter se redelike versoek of opdragte na te kom.
- (2) In die omstandighede in subartikel (1) vermeld, word die kampeerder se kampeerpermit ingetrek en word geen gelde ten opsigte van enige onverstreke tydperk waarvoor reeds betaal is, terugbetaal nie.
10. Wanneer 'n kampeerder se kampeerpermit weens tydsverloop of intrekking verval, moet so 'n kampeerder—
- (1) sy kampeerperseel vrywilliglik en sonder versuim ontruim en dit in 'n skoon en netjiese toestand laat. Hy is verantwoordelik vir die wegdoen van alle vullis en die opvul van alle gate en vore wat hy in die grond gemaak het en indien hy dit nie ten genoeg van die opsigter doen nie, kan dit op sy koste deur die munisipaliteit gedoen word; en
- (2) al sy besittings en dié van sy kampeergeselskap vanaf sodanige kampeerperseel en die kampeergebied verwyder. Enige sodanige besittings wat in die kampeergebied agterbly nadat die kampeerder vertrek het, kan deur die opsigter op koste en risiko van die kampeerder verwyder en in bewaring gehou word en indien dit nie binne een maand vanaf sodanige verwydering deur die eienaar opgeëis en afgehaal word nie, word dit die munisipaliteit se eiendom.
11. (1) Net een woonwa, met hoogstens twee sytente wat deel daarvan uitmaak, per kampeerperseel word toegelaat op daardie kampeerpersele wat binne 'n kampeergebied afgesonder is vir die akkommodasie van woonwaens en mobiele wonings alleenlik.
- (2) Hoogstens drie tente per kampeerperseel sal toegelaat word op daardie kampeerpersele wat binne 'n kampeergebied afgesonder is vir die akkommodasie van tente alleenlik.
12. Geen kampeerder mag sy kamp opslaan of piekniek hou op 'n ander kampeerperseel as dié wat die opsigter aan hom toewys nie, of weier om sodanige beampte se redelike opdragte uit te voer, of die opsigter se vereistes na te kom wat betref die wyse waarop sodanige kamp opgeslaan moet word. Die opsigter het in dié verband absolute diskresie en so ook wat betref die aanvaarbaarheid en genoegsaamheid, al dan nie, van enige woon-/slaapakkommodasie, omheining, skerms, tydelike strukture, oprigtings en die getal en tipe voertuig/voertuie wat op 'n kampeerperseel toegelaat word.
13. Die opsigter kan enige kampeerder te eniger tyd gelas om sy kamp na 'n ander kampeerperseel te verskuif as die opsigter dit ag in die openbare belang te wees of ter wille van die veiligheid van persone en/of eiendom of ter uitvoering van dringende werke van die munisipaliteit.
14. Geen kampeerder mag—
- (1) enige kampeerperseel vir enige ander doel as kampering gebruik nie en in die besonder mag hy geen handel dryf of besigheid doen daarop nie;
- (2) op enige kampeerperseel 'n oorlas skep of toelaat dat dit daarop geskep word deur enige lid van sy kampeergeselskap of enige van sy gaste nie;
- (3) in gebreke bly om sy kampeerperseel in 'n skoon, higiëniese

condition or fail to maintain thereon good order and decency nor allow thereon anything which may interfere with the comfort and convenience of other campers of the general public;

- (4) clean or permit to be cleaned household utensils, fish or vegetables or prepare or permit to be prepared food at any place other than that assigned for the purpose;
- (5) wash or hang out or permit to be washed or hung out any household linen or clothes, except such light garments and accessories as are necessary for the comfort of the individual, and then only at the places assigned for the purpose;
- (6) board or lodge any person for money or against any other compensation;
- (7) keep any animal, dog or fowl, duck, goose, turkey or any other bird on a camping site; provided that the caretaker may at his discretion permit small cage birds in cages, and
- (8) fail to obey the reasonable instructions of the caretaker in connection with the preservation of health, cleanliness, neatness and good order within the camping area.

15. No person shall in a camping area—

- (1) disturb, deface, damage, destroy or remove any movable or immovable property belonging to the municipality including information and direction signs, trees, bushes or vegetation;
- (2) injure, kill, capture or disturb any animal or bird or damage, disturb or destroy the nest or eggs of any bird;
- (3) proceed to or from any camping site except along the recognised roads;
- (4) ride or drive a vehicle in a manner which may in the opinion of the superintendent endanger the safety of any person, vehicle or property;
- (5) park a vehicle on a camping site on which another person camps or in any road in such a manner as to cause an obstruction to another camper or traffic. The caretaker may whenever her or she considers it desirable in the interest of campers and/or the public, instruct any person to park his or her vehicle elsewhere or to remove it from the camping area;
- (6) do any repairs to any vehicle;
- (7) hawk, sell, expose for sale or process any articles or goods or foodstuffs or other commodity;
- (8) write, draw, affix or exhibit any profane, obscene or abusive word, matter, representation or character upon any premises or property;
- (9) commit any act or use any language which is profane, obscene or abusive;
- (10) do anything which may cause injury to persons or damage or destruction to property;
- (11) behave in a disorderly or riotous manner;
- (12) urinate or defecate except in a sanitary convenience;
- (13) appear in a nude state or improperly dressed outside a dressing room, closet or in public;
- (14) use or enter any sanitary convenience or changeroom provided for the opposite sex;
- (15) deposit bottles, broken glass or rubbish except in the receptacles provided by the municipality for the purpose;

toestand te hou of versuim om die goeie orde en welvoeglikheid daarop te handhaaf nie; ook mag hy niks daarop toelaat wat inbreuk kan maak op die gerief en gemak van ander kampeerders of die algemene publiek nie;

- (4) huisgereedskap, vis of groente skoonmaak of toelaat dat dit skoongemaak word, of voedsel voorberei of toelaat dat dit voorberei word op 'n ander plek as dié wat vir die doel aangewys is nie;
- (5) huishoudelike linnegoed of klere was en uithang of toelaat dat dit gewas of uitgehang word nie, behalwe ligte kledingstukke en benodigdhede wat nodig is vir die gerief van die individu, en dan alleenlik op die plekke wat vir die doel aangewys is;
- (6) aan enige persoon kos of losies verskaf vir geld of teen enige ander vergoeding nie;
- (7) enige dier, hond of hoender, eend, gans, kalkoen of ander voël op 'n kampeerperseel aanhou nie; met dien verstande dat die opsigter na goeie dinge die aanhou van kouvoëltyjies in koue kan toelaat; en
- (8) in gebreke bly om die redelike opdragte van die opsigter in verband met die beskerming van gesondheid en die handhawing van sindelikhed, netheid en die goeie orde binne die kampeergebied te gehoorsaam nie.

15. Niemand mag in 'n kampeergebied—

- (1) enige roerende of onroerende eiendom van die munisipaliteit, met inbegrip van inligtingstekens, aanwysingsborde, bome, bosse of plantegroei versteur, ontsier, beskadig, vernietig of verwyder nie;
- (2) enige dier of voël beseer, doodmaak, vang of versteur of die nes of eiers van 'n voël beskadig, versteur of vernietig nie;
- (3) na of van enige kampeerperseel beweeg behalwe langs die erkende paaie nie;
- (4) in 'n voertuig ry of dit bestuur op 'n wyse wat na die opsigter se mening die veiligheid van enige persoon, voertuig of eiendom in die gevaar kan stel nie;
- (5) 'n voertuig parkeer op 'n kampeerperseel waarop 'n ander persoon kampeer of in enige pad op so 'n wyse dat dit 'n versperring vir 'n ander kampeerder of verkeer kan veroorsaak nie. Die opsigter kan te eniger tyd wanneer hy of sy dit dienstig ag in belang van die kampeerders en/of die publiek, enige persoon gelas om sy voertuig elders te parkeer of om dit uit die kampeergebied te verwyder;
- (6) enige herstelwerk aan enige voertuig doen nie;
- (7) enige artikels of goedere of voedsel of enige ander handelsware smous, verkoop, uitstal vir verkoop of verwerk nie;
- (8) enige godsasterlike, onwelvoeglike of beledigende woord, artikel, voorstelling of teken op enige perseel of eiendom skryf, teken, ophang of vertoon nie;
- (9) enige daad verrig of enige taal besig wat godsasterlik, onwelvoeglik of beledigend is nie;
- (10) enige handeling verrig waardeur enige persoon beseer of eiendom beskadig of verniel kan word nie;
- (11) hom op 'n wanordelike of oproerige wyse gedra nie;
- (12) urineer of ontdas nie, behalwe in 'n sanitêre gerief;
- (13) in 'n naakte toestand of onbetaamlik geklee buite 'n kleedkamer, gemakhuisie of in die openbaar verskyn nie;
- (14) enige sanitêre gerief of kleedkamer wat vir die teenoorgestelde geslag bedoel is, gebruik of binnegaan nie;
- (15) bottels, stukkende glas of vullis weggooi behalwe in die houers wat die munisipaliteit vir die doel voorsien nie;

- | | |
|---|---|
| <p>(16) cause a nuisance;</p> <p>(17) make, provide or reproduce any music in a manner which interferes with the comfort, convenience and peace of campers or the general public;</p> <p>(18) make any fire except in the places assigned for the purpose;</p> <p>(19) discharge a firearm, air rifle or air pistol;</p> <p>(20) use a catapult;</p> <p>(21) discharge any fireworks;</p> <p>(22) loiter unless he is a member of a camper's group or a camper's guest;</p> <p>(23) climb over or creep through any gate or fence;</p> <p>(24) solicit alms or gamble;</p> <p>(25) pollute any waters;</p> <p>(26) (i) except with the permission of the caretaker and in a manner approved by the caretaker make any electrical connection to his or her camping site or any other place within the camping area;</p> <p style="padding-left: 2em;">(ii) be permitted more than one electrical connection to his or her camping site and only one supply conductor shall be permitted per camping site;</p> <p style="padding-left: 2em;">(iii) use an electrical connection to his or her camping site for purposes other than a camper's bona fide camping needs;</p> <p>(27) obstruct any employee of the municipality in the lawful execution of his or her duties;</p> <p>(28) refuse, upon being requested by the caretaker or other authorised employee of the municipality in the lawful execution of his or her duty—</p> <p style="padding-left: 2em;">(a) to produce any ticket or camping permit issued by the municipality in connection with a camping area, or</p> <p style="padding-left: 2em;">(b) to furnish his name and address;</p> <p>(29) without the consent of the caretaker—</p> <p style="padding-left: 2em;">(a) enter any area or building not open to the public;</p> <p style="padding-left: 2em;">(b) present or hold any public entertainment;</p> <p style="padding-left: 2em;">(c) collect any money or hold collections;</p> <p style="padding-left: 2em;">(d) distribute any pamphlet, book, handbill or any printed or written matter;</p> <p style="padding-left: 2em;">(e) organise or address any gathering.</p> <p>16. Organised dancing within the camping area shall not be permitted without written approval by the municipality.</p> <p>17. The municipality may—</p> <p style="padding-left: 2em;">(1) set up notices or signs for the control of a camping area and the defining of the general matters which it may deem necessary or suitable to achieve the objects of this by-law, and</p> <p style="padding-left: 2em;">(2) furthermore and without prejudice to the generality of its powers and authority—</p> <p style="padding-left: 4em;">(i) reserve the use of a camping area or any portion/s thereof for a specific purpose;</p> <p style="padding-left: 4em;">(ii) prescribe the times when persons shall be allowed into or may or must leave a camping area;</p> | <p>(16) enige oorlas veroorsaak nie;</p> <p>(17) enige musiek maak, verskaf of voortbring op 'n wyse wat inbreuk maak op die gerief, gemak en rus van kampeerdere van die algemene publiek nie;</p> <p>(18) 'n vuur maak nie behalwe op die plekke wat vir die doel afgesonder is;</p> <p>(19) 'n vuurwapen, windbuks of windpistool afvuur nie;</p> <p>(20) enige rekker gebruik nie;</p> <p>(21) enige vuurwerk afvuur nie;</p> <p>(22) drentel nie, tensy hy 'n lid van 'n kampeergeselskap of 'n gas van 'n kampeerder is;</p> <p>(23) deur of oor enige hek of heining kruip of klim nie;</p> <p>(24) om aalmoese bedel of dobbel nie;</p> <p>(25) enige waters besoedel nie;</p> <p>(26) (i) behalwe met die toestemming van die opsigter en op die wyse wat die opsigter goedkeur enige elektriese verbinding na sy kampeerperseel of enige ander plek binne die kampeergebied maak nie;</p> <p style="padding-left: 2em;">(ii) meer as een elektriese verbinding na sy kampeerperseel hê nie, en net een toevoerleiding per kampeerperseel word toegelaat;</p> <p style="padding-left: 2em;">(iii) 'n elektriese verbinding na sy kampeerperseel vir ander doeleindes as 'n kampeerder se bona fide-kampeerbehoefes gebruik nie;</p> <p>(27) enige werknemer van die munisipaliteit hinder by die wettige uitvoering van sy pligte nie;</p> <p>(28) wanneer hy daartoe versoek word deur die opsigter of ander gemagtigde werknemer van die munisipaliteit by die wettige uitvoering van sy pligte, weier om—</p> <p style="padding-left: 2em;">(a) 'n kaartjie of kampeerpermit wat deur die munisipaliteit uitgereik is in verband met die kampeergebied te toon nie, of</p> <p style="padding-left: 2em;">(b) sy naam en adres te verstrek nie;</p> <p>(29) sonder die toestemming van die opsigter—</p> <p style="padding-left: 2em;">(a) enige gebied betree of gebou binnegaan wat nie vir die publiek toeganklik is nie;</p> <p style="padding-left: 2em;">(b) enige openbare vermaaklikheid aanbied of hou nie;</p> <p style="padding-left: 2em;">(c) enige geld insamel of kollekte hou nie;</p> <p style="padding-left: 2em;">(d) enige pamflet, boek, strooibiljet of enige ander gedrukte of geskrewe stof versprei nie;</p> <p style="padding-left: 2em;">(e) enige byeenkoms organiseer of toespreek nie.</p> <p>16. Geen georganiseerde dansery word binne die kampeergebied toegelaat sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit nie.</p> <p>17. Die munisipaliteit kan—</p> <p style="padding-left: 2em;">(1) kennisgewing of tekens aanbring vir die beheer oor 'n kampeergebied en die bepaling van die algemene sake wat hy nodig ag geskik om die oogmerke van hierdie verordening te bereik, en</p> <p style="padding-left: 2em;">(2) voorts en sonder inkorting van die algemeenheid van sy magte en bevoegdhede—</p> <p style="padding-left: 4em;">(i) die gebruik van 'n kampeergebied of enige gedeelte/s daarvan vir 'n bepaalde doel afsonder;</p> <p style="padding-left: 4em;">(ii) die tye wanneer persone tot 'n kampeergebied toegelaat word of dit kan of moet verlaat, voorskryf;</p> |
|---|---|

- (iii) determine the maximum number of persons who shall be permitted to camp per camping site or to enter the camping area;
- (iv) control, regulate or restrict the use of vehicles, and
- (v) prescribe the charges payable for entry to and the use of any camping area and amenities therein.

Camping on private land

18. (1) No person shall without the prior written permission of the municipality having been obtained camp on private land or permit camping thereon be it for profit or otherwise.
- (2) The municipality may in its discretion refuse any such application for permission or grant it subject to the provisions of this by-law and any further conditions which the municipality may consider expedient.
- (3) The municipality may withdraw any permission granted as aforementioned, if the owner does not comply with all the provisions of this by-law and the further conditions imposed by the municipality at the time of approval or the provisions of any ordinance or act, after having been warned in writing to comply therewith.

Penalties

19. Any person who contravenes any provision of this by-law or disregards or fails to comply with a lawful instruction from the caretaker shall be guilty of an offence and liable upon conviction to—
- (1) a fine or imprisonment, or either such fine or imprisonment or to both such fine and such imprisonment;
 - (2) in the case of a continuing offence, to an additional fine or an additional period of imprisonment or to such additional imprisonment without the option of a fine or to both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued; and
 - (3) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure.

Repeal of by-laws

20. The by-laws listed in the schedule hereto are hereby repealed to the extent indicated in the third column thereof.

Short title and commencement

21. This by-law shall be known as the By-law relating to Camping Areas and shall come into operation on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

SCHEDULE

BY-LAWS OF THE DISESTABLISHED MUNICIPALITY OF PAARL		
PN No.	Short title	Extent of repeal
786/1992	Camping	The whole
BY-LAWS OF THE DISESTABLISHED MUNICIPALITY OF WELLINGTON		
91/1983	Camping	The whole

- (iii) die maksimum getal persone voorskryf wat per kampeerperseel mag kampeer of wat die kampeergebied mag binnegaan;
- (iv) die gebruik van voertuie beheer, reël of beperk, en
- (v) die gelde voorskryf wat betaalbaar is vir toegang tot en die gebruik van enige kampeergebied en fasiliteite daarin.

Kampering op private grond

18. (1) Niemand mag sonder die munisipaliteit se voorafverkree skriftelike toestemming op private grond kampeer of toelaat dat daarop gekampeer word nie, hetsy vir wins of andersins.
- (2) Die munisipaliteit kan na goeddunke enige sodanige aansoek om toestemming weier of dit toestaan onderworpe aan die bepalings van hierdie verordening en enige verdere voorwaardes wat die munisipaliteit dienstig ag.
- (3) Die munisipaliteit kan enige toestemming wat soos voornoem toegestaan is, intrek indien die eenaar versuim om aan al die voorwaardes wat tydens goedkeuring deur die munisipaliteit voorgeskryf is of die bepalings van enige ordonnansie of wet na te kom nadat die eenaar skriftelik in kennis gestel is om dit na te kom.

Strafbepaling

19. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of 'n wettige opdrag van die opsigter verontagsaam of nalaat om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met—
- (1) 'n boete of gevangenisstraf, of sodanige boete of sodanige gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;
 - (2) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete, of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf, of sodanige addisionele boete of sodanige addisionele gevangenisstraf, of beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en
 - (3) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

Herroeping van verordeninge

20. Die verordeninge gelys in die bylae hierby word hiermee herroep in die mate soos aangedui in die derde kolom daarvan.

Kort titel en inwerkingtreding

21. Hierdie verordening heet die Verordening insake Kampeergebiede en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

BYLAE

VERORDENINGE VAN DIE AFGESKAFTE MUNISIPALITEIT VAN PAARL		
PK No.	Kort titel	Mate waarin herroep
786/1982	Kampering	Die geheel
VERORDENINGE VAN DIE AFGESKAFTE MUNISIPALITEIT VAN WELLINGTON		
91/1983	Kampering	Die geheel